



eduresourceza.com

Vak: Graad 8 AFRIKAANS EAT

Onderwerp: Afrikaans EAT: Eksamen Kwartaal 4

Punte: 101

1. WAAR	2
Verduideliking: Koppeltekens word gebruik om rigtings aan ander woorde te verbind. Bv. Noord-Wes; Frans-Wes-Afrika, Suid-Afrika ens.	
2. WAAR	2
Verduideliking: 'n "Stelsin" en 'n "stelling" is dieselfde ding. Dit is 'n sin wat eindig met 'n punt, waarin daar iets reguit gesê word.	
3. WAAR	2
Verduideliking: Die woordelys onderaan die gedig wys vir ons dat die Engelse vertaling van "kolos", "massive being" is.	
4. B	4
Verduideliking: Dit is 'n voorbeeld van alliterasie, want die konsonant-klanke aan die begin van opeenvolgende woorde word herhaal. "Stof en sonlig sif stadig"	
5. horing	3
Verduideliking: Die renoster se horing is afgesaag met 'n kettingsaag.	
6. (1) aasvoëls (2) renoster	4 (2 per antwoord)
Verduideliking: Aasvoëls vlieg gewoonlik in 'n sirkel in die lug bo die karkas (carcass) van 'n dooie dier.	
7. WAAR	2
Verduideliking: Hierdie twee versreëls is 'n voorbeeld van rym, want dit eindig met "gesin" en "in", wat dieselfde klank het.	
8. B	4
Verduideliking: Die enigste antwoord wat nie pas nie is "die kok is kwaad vir jou". Die ander drie opsies, met die woorde "kyk", "loer" en "staar" beteken eintlik almal dieselfde, naamlik dat die kok vir jou kyk.	
9. maand oue	3
Verduideliking: Die woorde "maand oue" wys ons dat die sop nie meer vars is nie. Sop wat 'n maand gelede gemaak is, is definitief nie meer vars nie!	
10. (1) oogappeltjies (2) soet bloed	4 (2 per antwoord)
Verduideliking: Die twee nageregte is "oogappeltjies met suurlemoensap" en "soet bloed uit muise getap". (Versreël 19 en 20)	
11. WAAR	2
Verduideliking: Enige woord wat begin met die volgende skakels kry nie 'n "ge-" in die verlede tyd nie: be-, ge-, her-, er-, ont-, ver- en mis- Byvoorbeeld: Teenwoordige tyd: Die fliek begin 17:00. Verlede tyd: Die fliek het 17:00 begin .	

12. ONWAAR	2
Verduideliking: Jenny se direkte woorde word oorvertel, dus is hierdie sin in die indirekte rede.	
Die aanhalingstekens val weg in die indirekte rede.	
13. A	4
Verduideliking: Bv: Die wat dit glo, is baie bygelowig.	
"Glo" en "is" is beide werkwoorde.	
14. B	4
Verduideliking: Lettergrepe word gewoonlik gesien as die fonologiese boublokke van woorde. (syllable)	
Daar word onderskei tussen oop en geslote lettergrepe.	
15. C	4
Verduideliking: Ontkennende vorm van "heeltemal" = "glad nie ... nie."	
16. B	4
Verduideliking: Die eerste sin is 'n bevelsin , want daar word vir iemand gesê om kantoor toe te gaan.	
Die tweede sin is 'n uitroepsin , want daar word uitgeskree, daar word nie 'n bevel gegee nie.	
17. D	4
Verduideliking: In die teenwoordige tyd gebruik jy die werkwoord "koop" en die woord "het" val weg.	
18. Republiek van Suid-Afrika Die Republiek van Suid-Afrika	3
Verduideliking: Afkortings het gewoonlik punte. Die Republiek van Suid-Afrika se afkorting is R.S.A.	
19. ? Vraagteken	3
Verduideliking: 'n Vraagteken word altyd aan die einde van 'n vraagsin gebruik.	
20. Nee, pa en ma wil nie gaan nie. Nee, hulle wil nie gaan nie.	3
Verduideliking: Die ontkenningsvorm van "wil gaan" is "wil nie gaan nie".	
21. Die onderwyser gee nooit baie huiswerk nie.	3
Verduideliking: In die ontkennende vorm verander "altyd" na "nooit".	
Die sin verander dus van "Die onderwyser gee altyd baie huiswerk." na "Die onderwyser gee nooit baie huiswerk nie."	
22. Hoe oud is jy?	3
Verduideliking: Die korrekte volgorde is: Hoe oud is jy?	
Die woord met die hoofletter ("Hoe") staan eerste en die woord met die vraagteken ("jy?") staan laaste in die sin.	
23. wees sal wees gaan wees	3
Verduideliking: In die toekomstige tyd verander "is" na "wees".	
Byvoorbeeld: Ek is bly. Ek sal bly wees .	

24. eie
regte
direkte
werklike

Verduideliking: Direkte rede is 'n persoon se eie woorde. Dit is presies die woorde wat gesê word.

25. sy vriende na sy partytjie genooi het.
Joshua sê dat hy sy vriende na sy partytjie genooi het.

3

Verduideliking: Joshua sê dat hy sy vriende na sy partytjie genooi het.

Die aanhalingstekens val weg en "my" verander na "sy".

26. hy na Dillon se sokkerpartytjie uitsien.
Loyiso sê dat hy na Dillon se sokkerpartytjie uitsien.

3

Verduideliking: Loyiso is 'n seun, daarom gebruik ons die voornaamwoord "hy".

Die twee werkwoorde "sien" en "uit" skuif na die van die sin en word een woord: "uitsien".

27. (1) direkte
(2) aanhalingstekens
- 4 (2 per antwoord)

Verduideliking: Aanhalingstekens dui 'n mense se direkte woorde aan.

Bv. Jean sê: "Ek het genoeg geleer die naweek."

28. (1) nooit
(2) nie
(3) nêrens
(4) nie
- 8 (2 per antwoord)

Verduideliking: Ontkennende vorm van "altyd" = "nooit ... nie". (always / never)
Ontkennende vorm van "êrens" = "nêrens ... nie". (somewhere / nowhere)

29. (1) vraagsin
(2) uitroepsin
- 4 (2 per antwoord)

Verduideliking: Die eerste sin is 'n **vraagsin**, want dit vra 'n vraag.

Die tweede sin is 'n **uitroepsin**, want jy skree uit dat die vuur warm is.

30. (1) Teenwoordige tyd
(2) Verlede tyd
- 4 (2 per antwoord)

Verduideliking: Die eerste sin is in die teenwoordige tyd; dit vertel wat Lucy en Boris nou doen.

Die tweede sin is in die verlede tyd; dit bevat die woorde "gister" en "opgeëet".

30 Vrae, 3 Bladsye